MBA · 8/11/2013

# Luggehaltebeheer verordening nou van krag

**Nickey le Roux**

Die nuwe verordening insake luggehaltebeheer, wat in Julie vanjaar deur Mosselbaai se Munisipale Raad goedgekeur is, is nou van krag, nadat dit in die Wes-Kaapse Provinsiale Koerant gepubliseer is.

Ingevolge die verordening, is die hele Mosselbaaise munisipale gebied tot 'n lugbesoedelingsbeheergebied verklaar.

Dit dek 'n wye reeks faktore, insluitende rook-uitlate uit wonings, die oop verbranding van materiaal op eiendomme, stofbeheer en uitlate uit motorvoertuie.

Dit dek ook uitlate by spuitverf en sandspuitaktiwiteite.

Die verordening is beskikbaar op die munisipale webwerf: www.mosselbay.gov.za en op aanvraag.

Navrae oor die verordening kan gerig word aan me Estelle Burger by 044 606 5156, of per faks by 044 606 5062 of per e-pos aan eburger@mosselbay.gov.za.

AIR QUALITY CONTROL